Nuusbrief 198

13 Augustus 2015

Geagte Lede,

KENNISGEWING VAN SAWPA STREEKVERGADERINGS

Lede word hiermee kennis gegee dat die tweede rondte SAWPA streekvergaderings vir 2015 gehou sal word op die datums en plekke soos hieronder uiteengesit. Indien enige lid formeel 'n besprekingspunt op die agenda wil plaas, kan u dit aan SAWPA stuur vir insluiting. Dui asseblief aan of dit bedoel is vir bespreking in u spesifieke streek of as 'n nasionale besprekingspunt by alle streke. In gevalle waar voorbereiding deur SAWPA vereis mag word, moet die nodige agtergrondinligting saam met die agendapunt ingedien word. Lede word verder herinner dat streekvoorsitters tydens die rondte vergaderings verkies moet word wat die betrokke streek op die SAWPA uitvoerende komitee sal verteenwoordig. Nominasies kan vooraf aan SAWPA gestuur word of op die betrokke vergaderings ingedien word.

Streekvergadering Skedule en Plekke

Mpumalanga	3 September 2015	Forever Resort Hotel and Konferensie sentrum, Badplaas
Gauteng/Noordwes	7 September 2015	Shumba Valley Lodge – Pelindaba Rd, Lanseria
Kwa Zulu Natal	11 September 2015	Victoria Buiteklub, Pietermaritzburg
Limpopo	14 September 2015	**Pietersburg Klub**, 119 Suid Str, Polokwane
Suid-Kaap/Oos-Kaap	16 September 2015	NNMU Saasveld Kampus, George
Wes-Kaap	18 September 2015	Bosbou en Houtkunde Departement, Universiteit van Stellenbosch

Alle streekvergaderings begin om 10:00.
Verversings sal vooraf bedien word met 'n middagete na die vergadering.
Ten einde voldoende voorbereidings te tref moet u asseblief u bywoning bevestig by Sue by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za

KENNIS VAN SAWPA CHEMIESE FORUM, UITVOERNENDE KOMITEE EN ALGEMENE JAARVERGADERINGS

Lede word hiermee kennis gegee van die Algemene Jaarvergadering van die Assosiasie soos hieronder uiteengesit. Die Chemiese Forum sowel as die Uitvoerende komitee datums word ook aangedui. Die onderskeie agendas sal binnekort uitgestuur word. Enige sake wat lede op die betrokke agenda geplaas wil hê, moet asseblief aan SAWPA gestuur word.

Chemiese Forum	29 September	13:00	SAWPA Raadsaal, SAFCA gebou, 6 Hulley Rd, Isando
Uitvoerende komitee	30 September	9:00	SAWPA Raadsaal SAFCA gebou, 6 Hulley Rd, Isando
SAWPA AJV	30 September	13:00	SAFCA Raadsaal, 6 Hulley Rd, Isando

NEGATIEWE VOORUITSIGTE VIR KREOSOOT VERSKAFFING

Vir ‘n geruime aantal jare reeds is ons bewus van die konstante tekort in die beskikbaarheid van kreosoot. Tot dusvêr is dit op so ‘n wyse deur die verskaffers bestuur dat alle aanlegte hulle regverdige deel van die beskikbare kreosoot kry, al was dit nie altyd wat benodig was nie. ‘n Verdere verligtende faktor was die volumes wat herlei kon word na die alternatiewe KCA-markte. Na gelang van ‘n dringende vergadering wat op die 5de Augustus gehou was en bygewoon was deur die kreosoot verskaffers asook die verbruikers (aanlegte), het dit baie gou duidelik geword dat die situasie nie binnekort gaan verbeter nie, maar eerder kan versleg. Die tekorte kan ernstige afmetings aanneem indien alternatiewe en addisionele bronne van koolteerroumateriaal nie binnekort gevind word nie. Daar is verskeie redes vir die dreigende verskerpte tekorte, maar dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die huidige depressiewe ekonomiese toestande, skerp afname in metale en staal produksie, dringende onderhoud aan van die aanlegte waarvandaan die roumateriaal verkry word, ens. Daar is egter wel moontlikhede van alternatiewe aanvullende en voldoende bronne, wat beide verskaffers, i.e. AMCC en FFS, tans ernstig ondersoek en hopelik ten uitvoer gebring sal word. Indien daar enige vordering is en meer inligting beskikbaar is, sal lede op hoogte gehou word deur die verskaffers sowel as SAWPA.

NAVORSINGSPROJEKTE

SAWPA se beoogde betrokkenheid by navorsingsprojekte ten belang en relevant tot die houtverduursamingsbedryf, is besig om momentum te kry en die protokoldokument vir die eerste projek is goed onder weg. Die eerste projek is gemik op navorsing t.o.v. eucalyptuspaalbehandeling, aangesien daar ‘n redelike hoë voorkoms van vroeë falings is. Die kerndoelwitte wat tot dusvêr ingesluit is, is die bepaling van die maksimum gemiddelde spinthout van die beskikbare 50 mm tot 150 mm paalmateriaal uit verskeie verkrygingsstreke, die bepaling van die minimum effektiewe KCA en kreosoot spinthoutretensies (sowel as berekening van totale volume retensies) wat nodig is om langtermyn duursaamheid te verseker in kritiese grondkontak aanwendings teen verrottingswamme, en die bepaling van die maksimum gemiddelde tannieninhoud van eucalyptus grandis (ingesluit hibriedes), en die invloed daarvan die fiksasie van KCA.

WYSIGINGS AAN NRCS HEFFINGS EN TARIEWE

Die nuutste jaarlikse wysigings aan die NRCS fooie was gepubliseer in GoN 644 van 24 Julie 2015. Die gewysigde fooie sluit die heffings en tariewe in, bv. die aansoekfooi vir goedkeuring en die uitbreiding van goedkeuring, wat vanaf Julie 2015 effektief sal wees. Die fooie en tariewe was verhoog met ‘n 6% inkrement.

Kommoditeit Beskrywing	Eenheid	Nuwe Tarief per Eenheid	Produk Sertifisering Tipe 5 Tarief per Eenheid
Verduursaamde Hout (VC 9092)	1 m^3	R1.18	R1.06
Aansoekfooi fir die goedkeuring van ‘n vervaardigings fasiliteit vir die verduursaming van hout – Nie terugbetaalbaar	Per fasiliteit	R1 202.00	-
Aansoek vir die uitbreiding van goedkeuring – Nie terugbetaalbaar	Per fasiliteit/tipe	R506.00	-
Aansoek vir ‘n verkoopspermit – Non terugbetaalbaar	Per aansoek	R2 640.00	

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Junie en Julie 2015 was onderskeidelik 35 259 en 42 064.
- **Cape Town Homemakers Fair**. SAWPA stal uit by die jaar se Cape Town Homemakers Fair wat vanaf 27 tot 30 Augustus by CTICC plaasvind. Dit sal die tweede van sy soort wees waar SAWPA interaksie met die algemene publiek sal hê aangesien ons ook vroeër die jaar by die Johannesburg Homemakers Fair uitgestal het.

- **SAWPA @ XIV World Forestry Congress:** SAWPA sal deelneem in die SA Bosboubedryf se geïntegreerde pawiljoen tipe uitstalruimte tesame met FSA en ander bedryfsliggame en privaat maatskappye gedurende die World Forestry Congress in Durban vanaf 7 tot 11 September 2015. Lede wat belangstel om die kongres by te woon kan die amptelike webtuiste by www.wfc2015.org.za besoek vir meer inligting.

- WAARSKUWINGSETIKETTE: Onthou om u rolle waarskuwingsetikette aan te vra van SAWPA. Die rolle is gratis beskikbaar aan lede. Die aanbring van waarskuwingsetikette sal 'n vereiste word sodra die hersiende weergawe van SANS 10005 gefinaliseer is en sal dan nie meer slegs 'n aanbeveling wees nie.

- BETREKKING BESKIKBAAR: 'n Verkoop- en bemarkingsverteenwoordigersposisie (spesialiseer in pale) is beskikbaar vir voldoende gekwalifiseerde kandidate. Vir meer inligting rakende die betrekking kan u ons kontak by sawpa@global.co.za of alternatiewelik kan u direk met hendrik.verwey@swaziplant.com skakel.

MOET U BAIE DIEP PENETRASIE TOETSE DOEN?
PROBEER DIE 1.5 m x 12 mm HAGLOF INKREMENTBOOR
WAT ALTERNATIVE STRUCTURES ONLANGS VIR 'N KLIENT BEKOM HET VIR KREMETART NAVORSINGSDOELEINDES

BRUCE BREEDT
SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.